Die TBK se Nuusbrief

No. 2/2018

Danie Grey het vanjaar sy sewentigste verjaardag gevier saam met vriende

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

Hier volg die datums van byeenkomste, asook die jaarvergaderings, in donker gedruk, asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2019

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
2 Feb	**2 Mrt**	23 Feb	**26 Jan**	
6 Apr	25 Mei	4 Mei	**30 Mrt**	
7 Sep	3 Aug	**28 Sep**	31 Aug	
2 Nov	**5 Okt**	7 Des	26 Okt	
	30 Nov			
Flip Snyman	Sias Erasmus	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615	012 379 1745	011 615 2082	016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308	083 948 2987	082 542 1908	076 389 7079	084 598 1022

Lede word daaraan herinner om hul agterstallige ledegeld op datum te hou. Die lidmaatskapfooi beloop R75,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan martindorfling@icloud.com, of Posbus 59691, Kengray, 2100 gestuur word. **Skryf asseblief u lid- of identiteitsnommer en woon- of posadres op die bewys van betaling**.

Neem asseblief kennis van die debietorderpryse:

R20,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R27,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R35,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908, of per e-pos martindorfling@icloud.com.

Ek hoop almal geniet die nuusbrief.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan: pdejager@mweb.co.za in "Word"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org
Bankbesonderhede: TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Sias Erasmus dualcon@vodamail.co.za
Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082

"Tradisionele Boeremusiek Klub"

SKRYWE ONTVANG VAN LEDE

KONSERTINA EN KLAVIER ...

Nou die aand luister ek na 'n CD van dr. Hans le Grange. Die groot man se musiek het my baie jare gelede aangegryp toe ek hom die eerste maal oor die radio hoor speel het. Ek was toe nog op hoërskool. Ek onthou ook hoe ek, in die dae toe ek op Stellenbosch was, na 'n program geluister het wat hy aangebied het. Dit het oor boeremusiek gehandel en op 'n entoesiastiese en kundige manier het hy sy liefde vir en kennis oor tradisionele boeremusiek met sy luisteraars gedeel.
Waarna ek graag wil verwys, is die bekende en opgewekte klanke van 'n klavier wat op van sy opnames duidelik gehoor kan word. Dit was natuurlik sy dogter, Annatjie, wat hom soms begelei het. Die meisiekind kon klavier speel en ek glo dat dit vir hom en haar 'n baie spesiale voorreg moes wees om so saam te kon musiek maak.
Ek weet dat dit nie so maklik is om 'n klavierspeler by 'n orkes te betrek nie. 'n Klavier laat hom nie so maklik ronddra of in 'n tassie bêre soos 'n konsertina of kitaar nie! Maar dat 'n klavier darem 'n bydrae kan maak wat nie te versmaai is nie, sal die meeste musikante seker erken. Ek weet dat Hugo Radley se vrou, Miranda, self nie onbeholpe is as dit by klavierspel kom nie. Luister gerus na sy musiek. Of sy soms saam met die orkes speel en of sy met een van Jim Muller se keurspele uitkap – dis darem pure lekkerte om daarna te luister.
Ek het ook 'n CD van oom Dirkie Uys waarin iemand op 'n klavier net so heerlik saamspeel. Dan was daar die keer dat Louis Hurter en sy Polkadraai-orkes een aand 'n paar nommers gespeel het by 'n geleentheid waar ek was. Afgesien van die pragtige tradisionele musiek wat die orkes die aand opgedis het, was daar iets wat my opgeval het. Daar was 'n klavierspeler wat definitief nie daardie aand vir die eerste maal agter

daardie klawers gaan sit het nie. Ek moes my self bedwing om nie op te vlieg en staande applous te gee vir die "meisiekind" wat met soveel oorgawe saamgespeel het nie.
Ek het na die tyd na Louis gestap en wou dadelik weet wie die vroumensie is wat die klavier so lekker tokkel. "Dis my dogter" het die vriendelike orkesleier gesê en van oor tot oor geglimlag.
Hiermee is my storie klaar. Ek wou net 'n bietjie hulde bring aan die klavierspelers wat soms die kans kry om hulle slag te wys. Baie dankie vir julle unieke bydrae om ons tradisionele boeremusiek so spesiaal te maak. Ek salueer julle graag!

Ek is ongelukkig nie 'n musikant nie. Maar gelukkig hou ek van musiek. Ek wou al lankal iets skryf oor die lekkerte van 'n klavier wat 'n mens tog soms by 'n tradisionele boeremusiekorkes hoor. Dit sal seker nie by almal ewe goed afgaan nie, maar dis hoe ek daaroor voel.
Mooi loop en baie dankie vir die wonderlike musieke en interessante inligting in die nuusbrief.

Freek Serfontein

BOEREMUSIEK VLOEI IN SY ARE – Die Pos, 2 Maart 2018

Huppelende boeremusieknote klink op vanuit Danie Grey se woonstel as hy agter sy blou serfyntjie inskuif.



Danie Grey het op die plaas Springbokfontein in die Morgenzon distrik, Mpumalanga, grootgeword.

Grey, 'n inwoner van Modimolle, is onlangs vereer vir sy lewenslange bydrae tot boeremusiek. Hy het ook 'n legende status-toekenning ontvang vir sy "onskatbare bydrae tot boeremusiek".
Boeremusiek loop meer as drie geslagte deur Grey se are. Sy oupa Danie Grey se naam is in hul geslagsregister as Danie Konsertina opgeteken en sy vrou as Grieta Huisorrel. "My pa, wat 'n deeltydse musiekonderwyser was, het meer van klassieke musiek gehou en het orrel gespeel. Ons het gereeld musiekaande in die ou plaashuis op die hoëveld gehou," het hy gemoedelik vertel.

Die einste Grey-voorgeslagte loer deesdae in hul Sondag-bestes vanaf die vergeelde foto's teen die mure. Sy interessante huis is gevul met geskiedkundige foto's, aandenkings en items van vervloë jare. In die sitkamer staan 'n His Master's Voice-platespeler in 'n fyn afgewerkte rooshoutkas. Dié platespeler speel nog steeds 78-spoed plate. Die serfyntjie, oftewel traporreltjie, is een van net drie in die land, vertel hy.
Grey het einde verlede jaar 'n CD vrygestel wat in die NG Oos-gemeente in die dorp opgeneem is. Hy het saam met Santie Henn as orrelis en Mareli Benadé, wat dwarsfluit speel, gewerk. Die CD, Goeie Tyding Klanke, bevat geestelike snitte. Grey het reeds 11 CD's en 'n aantal DVD's uitgegee. Hy sou in April 2018 nóg 'n CD opneem.
Sy groot liefde is die boerekonsertina. Hy verduidelik dat die Engelse konsertina 'n fyner stem het teenoor die boerekonsertina se warmer klank. Grey vertel dat hy saam met die Oudag Orkes, waarvan hy baie jare lank deel was, deur Switserland, Hongarye, Duitsland en Oostenryk getoer het. Die Suid-Afrikaanse boeremusiek het 'n warm ontvangs gehad. "Die polka is afkomstig uit Skandinawië en die seties uit Skotland. Dit is nie vir hulle vreemde klanke nie," het hy verduidelik.
Grey tree steeds gereeld op. Volgens hom is daar 'n groot vraag na optredes van boeremusiekorkeste in die stad. "Ek speel plaaslik saam met oom Basie Knoetze wat al 94 jaar oud is en nog ander inwoners in die Bosveld Boereorkes."

IN MEMORIAM

Elize Olivier
18 Mei 2018

Charles Ellis
6 Junie 2018

Gert Steyn
27 Julie 2018

Christo Wolmarans Mei 2018
Leonie Bodenstein 28 Julie 2018
Baba Enslin 17 Junie 2018
Kinsie de Beer 2018
Johann Botha 2018

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Sam Keyter. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

Wag nie vir buitengewone omstandigheide om aan ander goed te doen nie. Doen dit onder normale omstandighede.
- Johann Paul Friedrich Richter 1763 – 1825 -

SKRYWE ONTVANG VANAF TAKKE

OOSRAND-TAK

Dagsê aan al ons boeremusiekvriende en -vriendinne.

Ek hoop dat 2018 u goed geseën het. In ‘n oogwink is die feesgety met ons.
Gedurende die jaar het ons baie goeie opkomste gehad, en die musikante het ons bekoor met die mooiste klanke. Baie dankie aan alle musikante wat by ons kom optree het. Ek wil ook ons getroue ondersteuners bedank vir hul bydrae tot die Oosrand-tak en tradisionele boeremusiek.
Ek wil weereens van die geleentheid gebruik maak om my bestuur te bedank wat bankvas agter my staan. ‘n Voorsitter is net so goed soos sy bestuur is, en die Oosrand-tak se bestuur is puik!
Ons byeenkomste vir die res van die jaar, is 29 September en 1 Desember.
Mag u almal ‘n Geseënde Feesgety en voorspoedige nuwe jaar saam met u familie hê.

Groete van huis tot huis
Martin F. Dorfling

PRETORIA-TAK

Dagsê, vriende, familie, kollegas en almal wat wil saamlees.

Waar het die jaar heen gevlieg? Kan jul glo dit is al Augustus en dit voel soos gister wat ons nuwejaar gevier het. Ons is so dankbaar vir al die seëninge wat ons ervaar het vir die tyd wat verby is, terwyl teleurstellings ons net laat besef dat ons nog asemhaal, en dat ons ‘n plig het om elke oomblik wat ons geskenk word, nie te vermors nie, maar ten goede moet gebruik.

Dankie vir een en almal wat tot dusver hierdie jaar vir ons gehelp het om elke byeenkoms suksesvol te maak. Ek glo dat almal baie plesier kon put uit alles wat op so ‘n byeenkoms plaasgevind het. Dit is natuurlik geheel en al as gevolg van die uitstekende orkeste en musikante wat ons vereer met hul teenwoordigheid en ons laat deel in die wonderlike talente wat hul ontvang het. Hulle is die staatmakers wat meer as hul deel doen om vir ons dit baie lekker te maak en vir ‘n tydjie te vergeet van al die sorge en probleme daar buite. Almal weet van die uitstekende orkeste wat by ons optree, en hulle word net meer gewild na elke byeenkoms.

Dankie aan elke komiteelid wat hard werk sodat ons die aand en elke byeenkoms suksesvol kan deurvoer en dan te kan weet dat ons ook ons deeltjie bygedra het. Julle hulp word ten seerste waardeer en gaan nie ongesiens verby. Julle is sterre.
Dit gaan heel goed met ons tak, en ons vertrou om van krag tot krag te gaan met dit wat ons doen.
Dankie aan die Heer vir Sy genade om soveel van ons te spaar om te kan voortgaan met wat ons doen. Jammer vir die wat nie meer so lekker is nie. Ons glo vasbyt, en uithou en aanhou is die wagwoord en ons vertrou al die pyne en skete wyk voor die positiewe.
Dit is egter met bitter hartseer dat ons vir Charles Ellis moes groet. Almal het vir Charles geken. Die skraal man met die baard wat altyd die tafel met die kaartjies beman het. Sy heengaan laat 'n groot leemte. Hy was meer as drie dekades deel van hierdie familie van tradisionele boeremusiekliefhebbers. Ons wens vir Dina en haar gesin sterkte toe, en is dankbaar om te sê Dina sal steeds op haar pos wees om kaartjies by die deur te verkoop.
Hartseer ook dat die dametjie in die rolstoel, Tarsia de Beer, se moeder Kinsie de Beer ook afgesterf het. Ons dink met deernis aan die leemte wat sy laat met haar heengaan.
Ons funksies vir die res van 2018 is 6 Oktober (AJV) en 24 November.
Dankie aan almal wat jul ledegeld getrou betaal. Asseblief, vir dié wat nog moet betaal, en dit kos maar R75.00, eenkeer per jaar. Mag ons asseblief jul nuwe telefoonnommers en adresse vra, as jul dit wel al gegee het, mooi, maar as ons dit nog nie het nie, asseblief mense ons vra vriendelik vir jul samewerking. Ingangsfooie is R50 per persoon vir lede en R60 per persoon vir nie-lede.

Aan een en almal 'n mooi jaar verder, en geniet ons tradisionele boeremusiek met al die vreugde wat dit bring.

Sias Erasmus
Voorsitter

VAALDRIEHOEK-TAK

Liewe boeremusiekvriende.

Die Vaaldriehoek-tak het met 'n''BANG'' afgeskop. Ons het die jaar begin met dankbaarheid in onse harte. Ons is steeds dankbaar teenoor onse Hemelse Vader en Skepper wat vir ons voorsien dat al onse mense met goeie gesindheid teenoor mekaar optree. Ons komitee loof en prys Hom vir Sy goedheid.
Namens myself wil ek ons komitee bedank vir al die werk wat hulle insit by elke funksie. Sonder julle hulp kan ek nie 'n funksie aanbied nie. Al die mense wat net inval om te help wil ek ook bedank. Wees verseker dit gaan nie ongesiens verby nie.

Aan al onse eie Vaaldriehoek-musikante wil ek net se: “Ek is baie trots op elke musikant wat op ons verhoog optree. Julle gedrag is puik en die gesindheid teenoor die klub is uitstekend. Dankie dat julle altyd beskikbaar is om te speel. Ja, as ek vra kry ek net die beste van julle kant af. Baie dankie!!!”
Ons het ook baie hartseer afskeid geneem van oom Johann Botha. Na ‘n lang siekbed moes ons hom groet. Namens die komitee wil ons vir tannie Ria baie sterkte toewens. Niemand van ons kan kies wanneer dit ons beurt sal wees nie.
Liewe vriende, ek wil so mooi vra dat u as publiek wat ons gereeld besoek, ook vir u vriende van ons funksies sal vertel. Hoe meer viende ons betrek, kan die funksie net beter en beter raak. Maak ‘n afspraak en ons ontmoet mekaar op ‘n funksie waar ons lekker kan kuier. Die musiek is ook sommer daar as mens wil dans, mmmm …. wat meer wil ‘n mens hê!
Ons het ‘n baie besondere hoofbestuur wat altyd bereid is om te help net waar hul gaan. Ons Vaal-tak kyk op na sulke mense. Baie dankie vir die bystand.
Namens my self en die komitee, wil ek elkeen wat hierdie brief lees ‘n Geseënde Kersfees toewens. Mag ons die tyd beleef en deurgaan met nederigheid en respek teenoor ons medemens. Ja, dan kan ons die nuwe jaar met nuwe ywer aanpak.
Wees lief vir jou medemens … ja, net soos Jesus ons lief het.

Groete uit die Vaal
Willie Badenhorst

WESRAND-TAK

Goeiedag alle boeremusiekvriende.

Die Wesrand-tak van die TBK het op die 7de April sy 25ste verjaardag gevier en dit was ‘n groot sukses. Daar is met die jaarvergadering die volgende persone verkies op die bestuur: Voorsitter: Flip Snyman, Sekretaresse: Dalene Snyman, FC Smit en Annatjie Blignaut is as addisionele lede herkies. Bokkie en Theresa Kruger kon weens gesondheidsredes ongelukkig nie meer voortgaan as bestuurslede nie. Hennie Kruger en Annelie Botha was nie weer beskikbaar nie as gevolg van moeilike werksomstandighede. Ek wil weereens baie dankie sê aan alle bestuurslede en die ander persone wat ons so gereeld tydens byeenkomste bystaan, julle is sterre! Die musikante het uitstaande musiek opgelewer en daar was tot laat gekuier.
Groot dank word ook uitgespreek teenoor Denis Barnes en Piet Snyman vir die skenking van die Piet Snyman Wisseltrofee wat aan die Voortreflikste musikante toegeken gaan word.

Die Wesrand-tak se 25ste verjaardagvieringe. V.l.n.r. Chris Farrell, Adriaan Brits, Stephaan van Zyl, Roelf Faber, Danie Grey, Frikkie Kriel, Hannes Schoeman, Willie Badenhorst, Piet Snyman, Ferdi van Zyl, Willem Badenhorst, Dawie Beukes, Hugo Radley, Phillip Raath en Martin Dorfling.

Gedurende die ysige winter is daar geen byeenkomste gehou nie en teen die tyd dat u die nuusbrief ontvang, sou ons ‘n lentedans op die 1ste September gehou het wat ek glo ook suksesvol sou wees. Ons laaste byeenkoms sal plaasvind op 3 November 2018 in die Witpoortjie Ontspanningsentrum waartydens ons 2018 gaan afsluit.

Ongelukkig was daar ook hartseer onder ons. Van ons geliefdes is nie meer met ons nie. Onder andere: Christo Wolmarans van die Oosrand, Elize Olivier van die Wesrand, Charles Ellis van Pretioria, Baba Enslin van Douglas, Gert Steyn van die Wesrand (Gert was een van wyle oom Boet Steyn se seuns en musikant), Leonie Bodenstein van Pretoria, (wyle oom Kas Bodenstein, gewese voorsitter van die Pretoria-tak, se eggenote). Ons salueer julle! Ons hoop dat die hartseer van die families en vriende met tyd sal genees.

Die Piet Snyman Wisseltrofee. Die konsertina is geskenk deur Piet Snyman en gemonteer deur Denis Barnes.

Boeremusiekgroete
Flip Snyman

Ware agting kan `n mens net verdien; dit kan nie gekoop, nie afgedwing word nie.
- Georg Christoph Lichtenberg, (1742 - 1799) -

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

Kennisgewing geskied hiermee van die Algemene Jaarvergadering van die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid Afrika. Verrigtinge begin om 17:00 (5 nm) op 6 Oktober 2018 in die Pretoria-Noord Stadsaal, hoek van Emily Hobhouse- en Britsstraat. Baie dankie vir u samewerking.

VERRIGTINGE BEGIN OM 17:00

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

NOTULE VAN DIE AJV VAN DIE TBK GEHOU OP 7 OKTOBER 2017 TE PRETORIA

1. Opening en verwelkoming: F. Snyman open vergadering om 17:00 met Skriflesing en gebed.
2. Presensie: Die aanwesiges vorm ‘n kworum. Verskoning word aangeteken vir komiteelid A. Dorfling.
3. Vorige notule: word voorgelees deur S. van Zyl en word met ‘n enkele korreksie, naamlik die weglating van komiteelid A. Dorfling, in die lys van komiteelede aanvaar.
4. Finansies: J. Vlok lewer verslag en verklaar die TBK finansieel gesond. Lede word genooi om die boeke te inspekteer. ‘n Mosie word aanvaar om die ouditeure te betaal en vir die volgende jaar her aan te stel.
5. Takverslae: Vaaldriehoek se verslag word voorgelees deur W. Badenhorst, Oosrand deur M. Dorfling, Wesrand deur D. Snyman en Pretoria deur I. Muller.
6. Toekennings: 15-Jaar-sertifikate word oorhandig en die Hannes Schoeman wisseltrofee word ontvang deur Ina en Carel Muller.
7. F. Snyman lewer sy voorsitterverslag.
8. Verkiesing van voorsitter: F. Snyman word weereens eenparig as voorsitter herkies.
9. Verkiesing van komiteelede: Die nuwe komitee sien as volg daaruit: Ondervoorsitter: M. Dorfling, Sekretaris: S. van Zyl, Penningmeester: J. Vlok. Addisionele lede: A. Dorfling, S. Erasmus, H. Radley en S. Minnie. Gekoöpteerde lede: A. Burger en D. Scheepers.

10. Algemeen: Staan oor tot volgende vergadering.
11. Afsluiting: Vergadering verdaag om 17:58.

Die Nasionale Voorsitter se Kers- en Nuwejaarsboodskap

Die jaar het gekom en die jaar staan nou einde se kant toe en daarom is dit dan ook vir my 'n groot voorreg om van die geleentheid gebruik te maak om aan elkeen van u en u familie 'n baie Geseënde Kerstyd toe te wens. Laat ons dit op 'n gepaste wyse vier. Ons vra ook ons Hemelse Vader dat 2019 vir ons baie voorspoedig en vol seëninge sal wees. Mag u almal baie goeie gesondheid, geluk en wonderlike tye saam met u geliefdes en vriende beleef.

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan 'n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer (012) 379-2904 of 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo's en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor 'n handleiding oor hoe om 'n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

TBK Baadjie grootte RR102 (M), TBK das, 2 x TBK hemde, een M en een L, alles vir R500,00. Alles is in 'n baie goeie toestand. Kontak Kobus Gouws by 012 345 4658 / 082 445 6937 of kobusgouws@mweb.co.za

Advent en Kersfees - tyd van stille besinning. Totdat iemand op die idee gekom het dat daar geskenke moet wees.....
- Anoniem -

KATALOGUS – 2018

Kontak vir Sias Erasmus in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Posgeld per posstuk beloop minstens R50,00.

Boeretroos uit die Vaaldriehoek	R100
Versamelgoed no. 1 (Dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R130
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R100
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R100
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R100
Versamelgoed no. 5 (Lourens van Zyl)	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R100
Die Stoepsitters – Appelbloeisels	R100
Die Wakis Orkes	R100
Potjiekos (Vol. 6)	R100
Piet Botes en sy konsertina	R100
Piet Snyman en Vriende	R100
Traporrel en Mondfluit (C. Leeson en H. Buitendag)	R100
TBK 35 Jaar (Dubbel laserskyf)	R130
Hans la Grange (Vol. 1, 2, 3, 4, 5 & 6)	R100 elk

Nuwe Vrystellings:

Die Vyf Namakwalanders – ‘n Gedenk-album	R140
Magalies Orkes - speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman - Wals vir Antoinette	R100
Die Namakwalanders het geoefen	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O’ver die water	R100
Frik Smit en sy orkes	R100
Theo Slabbert: Ou bok jong blaar	R100
Boet Steyn se laaste	R100
Hugo, Lourens en Quintin speel Outydse Musiek (Vol. 1)	R100

Herdrukte laserskywe:

Hannes Viljoen (Vol. 1)	R100
Die Vier Transvalers	R100